

EIENDOMME

Val de Vie verkoop R2,4 mjd. se eiendom

Deur Francois Williams | 02 September 2021 13:30

Semigrasie – mense wat van een deel van die land na 'n ander trek – is 'n werklikheid as daar na die jongste verkope by die Paarlse eiendomsontwikkeling Val de Vie gekyk word.



Die Val de Vie-landgoed in die Paarl trek voordeel uit die tendens van semigrasie van Suid-Afrikaanse gesinne wat van elders in die land na die Wes-Kaap trek.

Byna 500 eiendomme is in die afgelope 12 maande teen sowat R2,4 miljard verkoop in Val de Vie, volgens Ryk Neethling, bemarkingsdirekteur van die landgoed.

Die nuwe syfers wys 'n drastiese styging in die vraag na huise en kantore in die landgoed, teen die agtergrond van munisipale infrastruktuur wat verval en onrus in baie ander dele van die land, sê Neethling.

Volgens hom het die onlangse plundering en onrus in Gauteng en KwaZulu-Natal baie gesinne en afgetredenes aan die dink gesit oor waar die veiligste omgewing is om in hul ondernemings, wonings en gesonde leefstyl te belê, sê hy.

Wat ook bydra tot groter vraag is die inperkings wat die regering in reaksie op die Covid-19-pandemie ingestel het, wat mense tot hul huise beperk het, maar ook

meegebring het dat baie werkgewers besef het hul personeel kan maklik van enige plek in die wêreld werk.

Malusi Mthuli, streekbestuurder van FNB Commercial Property Finance in KwaZulu-Natal, het in Junie kort voordat die plundering begin het al gesê daar is 'n opbloei in die eiendomsmark in plattelandse gebiede danksy die werk-van-die-huis-tendens asook 5 G-internetegnologie wat afstandswerk makliker maak.

Volgens Mthuli vaar winkels en wooneiendom in kleiner dorpe al hoe beter danksy dié tendens.

Volgens Neethling is byna 300 eiendomme, bestaande uit huise, kantore en erwe, in die afgelope jaar in die hele landgoed, wat Pearl Valley insluit, verkoop. Sowat 1 500 gesinne woon nou in die hele landgoed, aangelok deur geriewe soos 'n apteek, varsproduktemark, veilige fietsry-, hardloop- en stappaaie, die Pearl Valley-gholfbaan, en 'n bewaarskool vir voorskoolse kinders.

Volgens Neethling het die landgoed die afgelope jaar sowat R150 miljoen se munisipale belastings en heffings



tot die Drakenstein-munisipaliteit bygedra, wat dit die enkele grootste belastingbetaler in die Paarlvallei maak. Dit sluit nie die ekstra inkomste in wat die munisipaliteit kry van inwoners se water- en krag aankope nie.